REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REFUGEES AMENDMENT ACT

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

WYSIGINGSWET OP VLUGTELINGE

No 11, 2017

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Refugees Act, 1998, so as to amend and insert certain definitions; to include further provisions relating to disqualification from refugee status; to provide for integrity measures to combat fraud and corruption among staff members at Refugee Reception Offices, the Standing Committee and the Refugee Appeals Authority; to omit provisions referring to the Status Determination Committee; to substitute certain provisions relating to the Refugee Appeals Authority; to provide for the re-establishment of the Standing Committee for Refugee Affairs and to confer additional powers on the Standing Committee; to confer additional powers on the Director-General; to clarify the procedure relating to conditions attached to asylum seeker visas and abandonment of applications; to revise provisions relating to the review of asylum applications; to provide for the withdrawal of refugee status in respect of categories of refugees; to provide for additional offences and penalties; to provide for transitional provisions; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 130 of 1998, as amended by section 1 of Act 33 of 2008 and section 1 of Act 12 of 2011

1. Section 1 of the Refugees Act, 1998 (Act No. 130 of 1998) (hereinafter referred to as the ''principal Act''), is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of ''asylum seeker permit'' of the following definition:

" **'asylum seeker [permit] visa'** means a **[permit]** visa contemplated in section 22;'';

(b) by the substitution for the definition of ''dependant'' of the following definition:

" **'dependant'** in relation to an asylum seeker or a refugee, means any unmarried minor dependant child, whether born prior to or after the application for asylum, a spouse or any destitute, aged or infirm **[member of the immediate family]** parent of such asylum seeker or refugee who is dependent on him or her, and who is included by the asylum seeker in the application for asylum or, in the case of a dependant child born after the application for asylum, is registered in terms of section 21B(2);

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ]	Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordeninge aan.
———	Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordeninge aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Vlugtelinge, 1998, ten einde sekere omskrywings te wysig en in te voeg; verdere bepalings aangaande diskwalifikasie van vlugtelingstatus in te sluit; voorsiening te maak vir integriteitsmaatreëls om bedrog en korrupsie onder personeellede by Vlugtelingontvangskantore, die Staande Komitee en die Appèlowerheid oor Vlugtelinge te bekamp; bepalings uit te sluit wat na die Statusbepalingskomitee verwys; sekere bepalings te vervang wat met die Appèlowerheid oor Vlugtelinge verband hou; voorsiening te maak vir die herinstelling van die Staande Komitee vir Vlugtelingsake en om bykomende bevoegdhede aan die Staande Komitee op te lê; bykomende bevoegdhede aan die Direkteur-generaal op te lê; die prosedure aangaande voorwaardes wat aan visums vir asielversoekers en die opgee van aansoeke geheg is, duidelik te maak; voorsiening te maak vir die intrekking van vlugtelingstatus ten opsigte van kategorieë vlugtelinge; vir bykomende misdrywe en strawwe voorsiening te maak; om vir oorgangsbepalings voorsiening te maak; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan voorsiening te maak.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 130 van 1998, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 33 van 2008 en artikel 1 van Wet 12 van 2011

1. Artikel 1 van die Wet op Vlugtelinge, 1998 (Wet No. 130 van 1998) (hierna die "Hoofwet" genoem), word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van "afhanklike" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'afhanklike'** met betrekking tot 'n asielversoeker of 'n vlugteling, ook die gade, enige ongetroude minderjarige afhanklike kind, hetsy voor of na die aansoek om asiel gebore, 'n gade of enige behoeftige, bejaarde of verswakte **[familielid]** ouer van daardie asielversoeker of vlugteling wat van hom of haar afhanklik is, en wat deur die asielversoeker in die aansoek om asiel ingesluit is, of in die geval van 'n afhanklike kind wat na die aansoek om asiel gebore is, wat ingevolge artikel 21B(2) geregistreer is;";

(b) deur die omskrywing van "asielversoekerspermit" deur die volgende omskrywing te vervang:

"**[asielversoekerspermit] 'asielverskoersvisum'** 'n **[permit]** visum in artikel 22 beoog;";

(c) by the deletion of the definition of ''immediate family'';

(d) by the substitution for the definition of ''marriage'' of the following definition:

'' **'marriage'** means—

(a) either a marriage or a civil partnership concluded in terms of the Civil Union Act, 2006 (Act No. 17 of 2006);

(b) a marriage concluded in terms of—

(i) the Marriage Act, 1961 (Act No. 25 of 1961); or

(ii) the Recognition of Customary Marriages Act, 1998 (Act No. 120 of 1998); or

(c) a marriage concluded in terms of the laws of a foreign country; **[or**

(d) **a marriage concluded in terms of Islamic or other religious rites;]**'';

(e) by the insertion after the definition of ''Refugee Reception Office'' of the following definition:

'' **'Refugee Status Determination Officer'** means an officer referred to in section 8(2);'';

(f) by the insertion after the definition of ''spouse'' of the following definition:

'' **'Standing Committee'** means the Standing Committee for Refugee Affairs established by section 9A;''; and

(g) by the deletion of the definition of ''Status Determination Committee''.

Substitution of section 4 of Act 130 of 1998, as amended by section 5 of Act 33 of 2008 and section 2 of Act 12 of 2011

2. The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

''**Exclusion from refugee status**

4. (1) **[A person]** An asylum seeker does not qualify for refugee status for the purposes of this Act if **[the Status Determination Committee]** a Refugee Status Determination Officer has reason to believe that he or she—

(a) has committed a crime against peace, a crime involving torture, as defined in the Prevention and Combating of Torture of Persons Act, 2013 (Act No. 13 of 2013), a war crime or a crime against humanity, as defined in any international legal instrument dealing with any such crimes; or

(b) has committed a crime outside the Republic, which is not of a political nature and which, if committed in the Republic, would be punishable by imprisonment without the option of a fine; or

(c) has been guilty of acts contrary to the objects and principles of the United Nations **[Organisation]** or the **[Organisation of African Unity]** African Union; or

(d) enjoys the protection of any other country in which he or she is a recognised refugee, **[permanent]** resident or citizen**[.]**; or

(e) has committed a crime in the Republic, which is listed in Schedule 2 of the Criminal Law Amendment Act, 1997 (Act No. 105 of 1997), or which is punishable by imprisonment without the option of a fine; or

(f) has committed an offence in relation to the fraudulent possession, acquisition or presentation of a South African identity card, passport, travel document, temporary residence visa or permanent residence permit; or

(g) is a fugitive from justice in another country where the rule of law is upheld by a recognised judiciary; or

(h) having entered the Republic, other than through a port of entry designated as such by the Minister in terms of section 9A of the Immigration Act, fails to satisfy a Refugee Status Determination Officer that there are compelling reasons for such entry; or

(c) deur die omskrywing van "huwelik" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'huwelik'**—

(a) óf 'n huwelik óf 'n **[burgerlike genootskap]** siviele verbintenis gesluit ingevolge die 'Civil Union Act', 2006 (Wet No. 17 van 2006);

(b) 'n huwelik gesluit ingevolge—

(i) die Huwelikswet, 1961 (Wet No. 25 van 1961); of

(ii) die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike, 1998 (Wet No. 120 van 1998); of

(c) 'n huwelik gesluit ingevolge die wette van 'n vreemde land; **[of**

(d) **'n huwelik gesluit ingevolge Islamitiese of ander religieuse gebruike;]**";

(d) deur die omskrywing van "onmiddellike familie" te skrap;

(e) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "regulasie" in te voeg:

" **'Staande Komitee'** die Staande Komitee vir Vlugtelingsake by artikel 9A ingestel;";

(f) deur die omskrywing van "Statusbepalingskomitee" te skrap; en

(g) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "Vlugtelingontvangskantoor" in te voeg:

" **'Vlugtelingstatusbepalingsbeampte'** 'n Vlugtelingstatusbepalingsbeampte in artikel 8(2) bedoel;".

Vervanging van artikel 4 van Wet 130 van 1998, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 33 van 2008 en artikel 2 van Wet 12 van 2011

2. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Uitsluiting van vlugtelingstatus**

4. (1) By die toepassing van hierdie Wet kwalifiseer 'n **[persoon]** asielversoeker nie vir vlugtelingstatus nie indien **[die Statusbepalingskomitee]** 'n Vlugtelingstatusbepalingsbeampte rede het om te glo dat hy of sy—

(a) 'n misdryf teen die vrede, 'n misdryf wat marteling behels, soos omskryf in die 'Prevention and Combating of Torture of Persons Act', 2013 (Wet No. 13 van 2013), 'n oorlogsmisdaad of 'n misdaad teen die mensdom soos omskryf in 'n internasionale regsdokument wat vir sulke misdade voorsiening maak, gepleeg het; of

(b) 'n misdaad buite die Republiek gepleeg het wat nie van 'n politieke aard is nie en waarvoor, indien dit in die Republiek gepleeg was, gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete opgelê sou word; of

(c) skuldig was aan dade in stryd met die oogmerke en beginsels van die Verenigde Nasies **[Organisasie]** of die **[Organisasie vir Eenheid in Afrika]** Afrika-unie; of

(d) die beskerming van enige ander land waar hy of sy **[gaan woon het]** 'n erkende vlugteling, inwoner of burger is, geniet; of

(e) 'n misdaad in die Republiek gepleeg het wat in Bylae 2 van die Strafproseswysigingswet, 1997 (Wet No. 105 van 1997), vermeld word of wat strafbaar is met gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete; of

(f) 'n misdaad gepleeg het in verband met die bedrieglike besit, verkryging of voorlegging van 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart, paspoort, reisdokument, visum vir tydelike verblyf of permit vir permanente verblyf; of

(g) 'n voortvlugtige voor die gereg is in 'n ander land waar die oppergesag van die reg deur 'n erkende regsbank gehandhaaf word; of

(h) die Republiek nie deur 'n binnekomshawe as sodanig aangewys deur die Minister ingevolge artikel 9A van die 'Immigration Act', binnegekom het nie en nie 'n Vlugtelingstatusbepalingsbeampte kan oortuig dat daar dwingende redes vir die binnekoms is nie; of

(i) has failed to report to the Refugee Reception Office within five days of entry into the Republic as contemplated in section 21, in the absence of compelling reasons, which may include hospitalisation, institutionalisation or any other compelling reason: Provided that this provision shall not apply to a person who, while being in the Republic on a valid visa, other than a visa issued in terms of section 23 of the Immigration Act, applies for asylum.

(2) For the purposes of subsection (1)*(c)*, no exercise of a human right recognised under international law may be regarded as being contrary to the objects and principles of the United Nations **[Organisation]** or the **[Organisation of African Unity]** African Union.''.

Amendment of section 5 of Act 130 of 1998, as amended by section 6 of Act 33 of 2008

3. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) A person ceases to qualify for refugee status for the purposes of this Act if—

(a) he or she voluntarily **[reavails]** re-avails himself or herself in the prescribed circumstances of the protection of the country of his or her nationality; or

(b) having lost his or her nationality, he or she by some voluntary and formal act re-acquires it; or

(c) he or she becomes a permanent resident or a citizen of the Republic or acquires the nationality of some other country and enjoys the protection of that country: Provided that a person whose permanent residence status is withdrawn is not prevented from re-applying for refugee status; or

(d) he or she voluntarily re-establishes himself or herself in the country which he or she left or outside of which he or she remained owing to fear of persecution, or returns to visit such country; or

(e) he or she can no longer continue to refuse to avail himself or herself of the protection of the country of his or her nationality because the circumstances in connection with which he or she has been recognised as a refugee have ceased to exist and no other circumstances have arisen which justify his or her continued recognition as a refugee**[.]**; or

(f) he or she has committed a crime in the Republic, which is listed in Schedule 2 of the Criminal Law Amendment Act, 1997 (Act No. 105 of 1997), or which is punishable by imprisonment without the option of a fine; or

(g) he or she has committed an offence in relation to the fraudulent possession, acquisition or presentation of a South African identity card, passport, travel document, temporary residence visa or permanent residence permit; or

(h) the Minister may issue an order to cease the recognition of the refugee status of any individual refugee or category of refugees, or to revoke such status.''.

Amendment of section 7 of Act 130 of 1998, as substituted by section 8 of Act 33 of 2008

4. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) The Minister may, subject to the conditions that he or she may **[deem]** consider necessary, delegate any power conferred on him or her by this Act, excluding a power referred to in section **[8B (2),]** 8A(3), 8B(1)*(b)*, 8F, **[8G,]** 9A(3), 9B*(b)*, 9F or 38, to any officer or employee of the Department, but shall not be divested of any power so delegated.''.

(i) versuim het om binne vyf dae vanaf binnekoms in die Republiek by die Vlugtelingontvangskantoor aan te meld soos in artikel 21 beoog, sonder dwingende redes, wat hospitalisering, institusionalisering of enige ander dwingende rede kan insluit: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op 'n persoon wat, terwyl hy of sy met 'n geldige visum in die Republiek is, behalwe 'n visum wat ingevolge artikel 23 van die 'Immigration Act' uitgereik is, om asiel aansoek doen.

(2) By die toepassing van subartikel (1)*(c)* mag geen uitoefening van 'n mensereg wat kragtens die volkereg erken word, gereken word as synde in stryd te wees met die oogmerke en beginsels van die Verenigde Nasies **[Organisasie]** of die **[Organisasie vir Eenheid in Afrika]** Afrika-unie nie.''.

Wysiging van artikel 5 van Wet 130 van 1998, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 33 van 2008

3. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) By die toepassing van hierdie Wet hou 'n persoon op om vir vlugtelingstatus te kwalifiseer indien hy of sy—

(a) sigself in die voorgeskrewe omstandighede vrywillig aan die beskerming van die land van sy of haar nasionaliteit heronderwerp; of

(b) na verlies van sy of haar nasionaliteit dit weer deur die een of ander vrywillige en formele handeling verkry; of

(c) 'n permanente inwoner of 'n burger van die Republiek word of die nasionaliteit van 'n ander land verkry en die beskerming van daardie land geniet: Met dien verstande dat 'n persoon wie se permanenteverblyfstatus ingetrek is, nie daarvan weerhou word om weer om vlugtelingstatus aansoek te doen nie; of

(d) sigself vrywillig hervestig in die land wat hy of sy verlaat het of waarheen hy of sy nie kon terugkeer nie weens vrees vir vervolging, of terugkeer om sodanige land te besoek; of

(e) nie langer kan weier om sigself aan die beskerming van die land van sy of haar nasionaliteit te onderwerp nie aangesien die omstandighede met betrekking waartoe hy of sy as 'n vlugteling erken is, ophou bestaan het en geen ander omstandighede opgeduik het wat sy of haar voortgesette erkenning as 'n vlugteling regverdig nie; of

(f) 'n misdaad in die Republiek gepleeg het, wat in Bylae 2 tot die Strafregwysigingswet, 1997 (Wet No. 105 van 1997), vermeld word, of wat strafbaar is met gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete; of

(g) 'n misdryf in verband met die bedrieglike besit, verkryging of voorlegging van 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart, paspoort, reisdokument, visum vir tydelike verblyf of 'n permit vir permanente verblyf, gepleeg het; of

(h) indien die Minister 'n bevel uitreik om die erkenning van die vlugtelingstatus van enige individuele vlugteling of kategorie vlugtelinge te staak of om sodanige status in te trek.''.

Wysiging van artikel 7 van Wet 130 van 1998, soos vervang deur artikel 8 van Wet 33 van 2008

4. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die Minister kan, behoudens die voorwaardes wat hy of sy nodig ag, 'n bevoegdheid wat hierdie Wet aan hom of haar verleen, uitgesonderd 'n bevoegdheid bedoel in artikel **[8B(2),]** 8A(3), 8B(1)*(b)*, 8F, **[8G]** 9A(3), 9B*(b)*, 9F of 38, aan 'n beampte of werknemer van die Departement delegeer, maar is nie ontdoen van 'n bevoegdheid wat so gedelegeer is nie.''.

Substitution of heading to Chapter 2 of Act 130 of 1998, as amended by section 9 of Act 33 of 2008

5. The following heading is hereby substituted for the heading to Chapter 2 of the principal Act:

"**REFUGEE RECEPTION OFFICES, STANDING COMMITTEE FOR REFUGEE AFFAIRS AND REFUGEE APPEALS AUTHORITY**".

Amendment of section 8 of Act 130 of 1998, as amended by section 10 of Act 33 of 2008 and section 3 of Act 12 of 2011

6. Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:

"(1) **[The]** Notwithstanding the provisions of any other law, the Director-General may, by notice in the *Gazette*, establish as many Refugee Reception Offices in the Republic as he or she regards as necessary for the purposes of this Act and may disestablish any Refugee Reception Office, by notice in the *Gazette*, if considered necessary for the proper administration of this Act.

(2) Each Refugee Reception Office must consist of at least one **[Status Determination Committee established by the Director-General in the prescribed manner to consider and deal with applications for asylum in accordance with section 24: Provided that the Status Determination Committee may establish subcommittees consisting of no less than two members]** officer of the Department, designated by the Director-General as a Refugee Status Determination Officer.".

Substitution of section 8B of Act 130 of 1998, as inserted by section 11 of Act 33 of 2008

7. The following section is hereby substituted for section 8B of the principal Act:

"**Composition of Refugee Appeals Authority**

8B. [(1)] The Refugee Appeals Authority consists of—

(a) a chairperson who is legally qualified; and

(b) such number of other legally qualified members as the Minister may **[determine, having regard to the likely volume of work to be performed by the Refugee Appeals Authority: Provided that at least one of such members is legally qualified]** appoint from time to time, having regard to the volume of work to be performed by the Refugee Appeals Authority.

[(2) The chairperson and other members of the Refugee Appeals Authority are appointed by the Minister with due regard to their experience, qualifications and expertise, as well as their ability to perform the functions of the Refugee Appeals Authority properly.]".

Amendment of section 8C of Act 130 of 1998, as inserted by section 11 of Act 33 of 2008 and amended by section 4 of Act 12 of 2011

8. Section 8C of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) An appeal contemplated in subsection (1)*(a)* must be determined by a single member or such number of members of the Refugee Appeals Authority as the chairperson may **[deem]** consider necessary**[: Provided that at least one of such members is legally qualified]**.".

Vervanging van opskrif van Hoofstuk 2 van Wet 130 van 1998, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 33 van 2008

5. Die opskrif van Hoofstuk 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:

"**VLUGTELINGONTVANGSKANTORE, STAANDE KOMITEE VIR VLUGTELINGSAKE EN APPÈLOWERHEID OOR VLUGTELINGE**".

Wysiging van artikel 8 van Wet 130 van 1998, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 33 van 2008 en artikel 3 van Wet 12 van 2011

6. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) **[Die]** Ondanks die bepalings van enige ander wet, kan die Direkteur-generaal **[kan]**, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, soveel Vlugtelingontvangskantore in die Republiek instel as wat hy of sy nodig ag vir die doeleindes van hierdie Wet en kan enige Vlugtelingontvangskantoor, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, ontbind indien dit vir die behoorlike administrasie van hierdie Wet nodig geag word.

(2) Elke Vlugtelingontvangskantoor moet uit ten minste een **[Statusbepalingskomitee bestaan wat op die voorgeskrewe wyse deur die Direkteur-generaal ingestel is, om aansoeke om asiel ooreenkomstig artikel 24 te oorweeg en te hanteer: Met dien verstande dat die Statusbepalingskomitee subkomitees kan instel wat uit minstens twee lede bestaan]** beampte van die Departement, deur die Direkteur-generaal as Vlugtelingstatusbepalingsbeampte aangewys, bestaan.".

Vervanging van artikel 8B van Wet 130 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 33 van 2008

7. Artikel 8B van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Samestelling van Appèlowerheid oor Vlugtelinge**

8B. [(1)] Die Appèlowerheid oor Vlugtelinge bestaan uit—

(a) 'n voorsitter wat oor regskwalifikasies beskik; en

(b) die getal ander lede met regskwalifikasies wat die Minister **[kan bepaal, met inagneming van die waarskynlike hoeveelheid werk wat deur die Appèlowerheid oor Vlugtelinge verrig moet word: Met dien verstande dat minstens een van hierdie lede oor regskwalifikasies beskik]** van tyd tot tyd aanstel, met inagneming van die volume werk wat die Appèlowerheid oor Vlugtelinge moet verrig.

[(2) Die voorsitter en ander lede van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge word deur die Minister aangestel met behoorlike inagneming van hulle ondervinding, kwalifikasies en kundigheid, asook hulle vermoë om die werksaamhede van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge behoorlik te kan verrig.]".

Wysiging van artikel 8C van Wet 130 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 33 van 2008 en gewysig deur artikel 4 van Wet 12 van 2011

8. Artikel 8C van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) 'n Appèl beoog in subartikel (1)*(a)* moet beslis word deur 'n enkele lid of deur die getal lede van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge wat die voorsitter nodig ag**[: Met dien verstande dat minstens een van daardie lede oor regskwalifikasies beskik]**.".

Amendment of section 8D of Act 130 of 1998, as inserted by section 11 of Act 33 of 2008

9. Section 8D of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[A member of the Refugee Appeals Authority serves for a period of five years and is eligible for reappointment upon expiry of his or her term of office]** Notwithstanding the provisions of any other law, a member of the Refugee Appeals Authority is appointed for any period not exceeding five years at a time and may be reappointed for any number of additional periods, any of which may not exceed five years at a time.".

Amendment of section 8E of Act 130 of 1998, as inserted by section 11 of Act 33 of 2008 and amended by Act 12 of 2011

10. The following section is hereby substituted for section 8E of the principal Act:

"**Disqualification from membership**

8E. A person may not be appointed as a member of the Refugee Appeals Authority if that person—

(a) is not a South African citizen, unless the Minister considers that he or she possesses such skills and expertise as would significantly enhance the capacity of the Refugee Appeals Authority;

(b) has been sentenced to imprisonment without the option of a fine during the preceding **[four]** seven years;

(c) is an unrehabilitated insolvent;

(d) has been judicially declared of unsound mind;

(e) has been removed from an office of trust on account of misconduct **[involving theft, fraud or corruption]**; **[or]**

(f) is a political office bearer holding a position in the national executive structure of any political party**[.]**;

(g) has been removed from a previous position on account of theft, fraud or corruption;

(h) refuses to submit to a vetting investigation in accordance with section 2A of the National Strategic Intelligence Act, 1994 (Act No. 39 of 1994), when required to do so; or

(i) fails any investigation referred to in paragraph *(h)*.".

Amendment of section 8F of Act 130 of 1998, as inserted by section 11 of Act 33 of 2008

11. Section 8F of the principal Act is hereby amended by the addition after subsection (2) of the following subsection:

"(3) The Minister may summarily remove a member of the Refugee Appeals Authority from office if such member becomes disqualified in terms of section 8E.".

Repeal of section 8G as inserted by section 11 of Act 33 of 2008

12. Section 8G of the principal Act is hereby repealed.

Insertion of sections 9A to 9H in Act 130 of 1998

13. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 9:

"**Standing Committee for Refugee Affairs**

9A. (1) There is hereby established a Standing Committee for Refugee Affairs.

(2) The Standing Committee is independent and must function without any fear, favour or prejudice.

(3) The headquarters of the Standing Committee must be determined by the Minister.

Wysiging van artikel 8D van Wet 130 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 33 van 2008

9. Artikel 8D van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) **['n Lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge dien vir 'n tydperk van vyf jaar en kan weer aangestel word by die verstryking van sy of haar ampstermyn]** Ondanks die bepalings van enige ander wet, word 'n lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge vir enige tydperk van hoogstens vyf jaar op 'n keer aangestel en kan heraangestel word vir enige getal bykomende tydperke, waarvan nie een meer as vyf jaar op 'n keer mag wees nie.".

Wysiging van artikel 8E van Wet 130 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 33 van 2008 en gewysig deur Wet 12 van 2011

10. Artikel 8E van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Onbevoegdheid ten opsigte van lidmaatskap**

8E. 'n Persoon kan nie as lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge aangestel word nie indien daardie person—

(a) nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, tensy die Minister van mening is dat hy of sy oor vaardighede en kundigheid beskik wat die kapasiteit van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge beduidend sal verbeter;

(b) in die voorafgaande **[vier]** sewe jaar gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

(c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(d) geregtelik as geestesversteurd verklaar is;

(e) uit 'n vertrouensamp ontslaan is op grond van onbehoorlike gedrag **[wat diefstal, bedrog of korrupsie behels]**; **[of]**

(f) 'n politieke ampsdraer is wat 'n posisie in die nasionale uitvoerende struktuur van enige politieke party beklee;

(g) weens diefstal, bedrog of korrupsie uit 'n vorige posisie verwyder is;

(h) weier om sigself aan 'n klaringsondersoek ooreenkomstig artikel 2A van die Wet op Nasionale Strategiese Intelligensie, 1994 (Wet No. 39 van 1994), te onderwerp wanneer dit van hom of haar vereis word; of

(i) enige ondersoek in paragraaf *(h)* bedoel, nie slaag nie.".

Wysiging van artikel 8F van Wet 130 van 1998, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 33 van 2008

11. Artikel 8F van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (2) by te voeg:

"(3) Die Minister kan 'n lid van die Appèlowerheid oor Vlugtelinge summier uit 'n amp verwyder indien daardie lid ingevolge artikel 8E onbevoeg word.".

Herroeping van artikel 8G soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 33 van 2008

12. Artikel 8G van die Hoofwet word hierby herroep.

Invoeging van artikels 9A tot 9H in Wet 130 van 1998

13. Die volgende artikels word hierby na artikel 9 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Staande Komitee vir Vlugtelingsake**

9A. (1) 'n Staande Komitee vir Vlugtelingsake word hierby ingestel.

(2) Die Staande Komitee is onafhanklik en moet sonder enige vrees, begunstiging of benadeling funksioneer.

(3) Die hoofkwartier van die Staande Komitee moet deur die Minister bepaal word.

Composition of Standing Committee

9B. The Standing Committee consists of—

(a) a chairperson who is legally qualified; and

(b) such number of other legally qualified members as the Minister may appoint from time to time, having regard to the volume of work to be performed by the Standing Committee.

Functions of Standing Committee

9C. (1) The Standing Committee—

(a) must determine any review in terms of section 24A;

(b) must, in the event that an asylum seeker is permitted to work or study in the Republic, determine the period and conditions in terms of which such asylum seeker may work or study whilst awaiting the outcome of his or her application for asylum;

(c) may monitor and supervise all decisions taken by Refugee Status Determination Officers and may approve, disapprove or refer any such decision back to the Refugee Reception Office with recommendations as to how the matter must be dealt with; and

(d) must advise the Minister or Director-General on any matter referred to it by the Minister or Director-General, including training that may be provided to members of staff at Refugee Reception Offices.

(2) Any function performed by the Standing Committee in terms of this Act must be determined by a single member or, in particular matters, such number of members of the Standing Committee as the chairperson may consider necessary.

Term of office of members of Standing Committee

9D. (1) Notwithstanding the provisions of any other law, a member of the Standing Committee is appointed for any period not exceeding five years at a time and may be reappointed for any number of additional periods, any of which may not exceed five years at a time.

(2) A member may resign by tendering a written notice of resignation to the Minister.

Disqualification from membership

9E. A person may not be appointed as a member of the Standing Committee if that person—

(a) is not a South African citizen, unless the Minister considers that he or she possesses such skills and expertise as would significantly enhance the capacity of the Standing Committee;

(b) has been sentenced to imprisonment without the option of a fine during the preceding seven years;

(c) is an unrehabilitated insolvent;

(d) has been judicially declared of unsound mind;

(e) has been removed from an office of trust on account of misconduct;

(f) is a political office bearer holding a position in the national executive structure of any political party;

(g) has been removed from a previous position on account of theft, fraud or corruption;

(h) refuses to submit to a vetting investigation in accordance with section 2A of the National Strategic Intelligence Act, 1994 (Act No. 39 of 1994) when required to do so; or

(i) fails any investigation referred to in paragraph *(h)*.

Removal from office of member of Standing Committee

9F. (1) The Minister may remove a member of the Standing Committee from office on account of misconduct or inability to perform the functions of his or her office effectively and efficiently.

Samestelling van Staande Komitee

9B. Die Staande Komitee bestaan uit—

(a) 'n voorsitter met regskwalifikasies; en

(b) die getal ander lede met regskwalifikasies soos die Minister van tyd tot tyd aanstel, met inagneming van die volume werk wat die Staande Komitee moet verrig.

Werksaamhede van Staande Komitee

9C. (1) Die Staande Komitee—

(a) moet enige hersiening ingevolge artikel 24A beslis;

(b) moet, indien 'n asielversoeker toegelaat word om in die Republiek te werk of te studeer, die tydperk en voorwaardes ingevolge waarvan daardie asielversoeker mag werk of studeer terwyl die uitslag van sy of haar aansoek om asiel afgewag word, bepaal;

(c) kan al die besluite deur die Vlugtelingstatusbepalingsbeampte geneem, monitor en daaroor toesig hou en kan enige sodanige besluit goedkeur, afkeur of terugverwys na die Vlugtelingontvangskantoor met aanbevelings oor hoe die aangeleentheid hanteer moet word; en

(d) moet die Minister of Direkteur-generaal van raad bedien oor enige aangeleentheid deur die Minister of Direkteur-generaal na die Komitee verwys, met inbegrip van opleiding wat aan personeellede van Vlugtelingontvangskantore voorsien kan word.

(2) 'n Werksaamheid ingevolge hierdie Wet deur die Staande Komitee verrig moet deur 'n enkele lid beslis word of, in besondere aangeleenthede, deur sodanige getal lede van die Staande Komitee soos die voorsitter nodig mag ag.

Ampstermyn van lede van Staande Komitee

9D. (1) Ondanks die bepalings van enige ander wet, word 'n lid van die Staande Komitee aangestel vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar op 'n keer en kan heraangestel word vir enige getal bykomende tydperke, waarvan nie een tydperk meer as vyf jaar op 'n slag mag wees nie.

(2) 'n Lid kan bedank deur 'n skriftelike kennisgewing van bedanking by die Minister in te dien.

Onbevoegdheid vir lidmaatskap

9E. 'n Persoon kan nie as 'n lid van die Staande Komitee aangestel word nie, indien daardie persoon—

(a) nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, tensy die Minister van oordeel is dat hy of sy vaardighede en kundigheid het wat die kapasiteit van die Staande Komitee aansienlik sal verbeter;

(b) in die voorafgaande sewe jaar tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonnis is;

(c) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(d) geregtelik as geestesversteurd verklaar is;

(e) uit 'n vertrouensamp onthef is op grond van onbehoorlike gedrag;

(f) 'n politieke ampsdraer is wat 'n posisie in die nasionale uitvoerende struktuur van enige politieke party beklee;

(g) weens diefstal, bedrog of korrupsie uit 'n vorige posisie verwyder is;

(h) weier om sigself aan 'n klaringsondersoek ooreenkomstig artikel 2A van die Wet op Nasionale Strategiese Intelligensie, 1994 (Wet No. 39 van 1994), te onderwerp wanneer dit van hom of haar vereis word; of

(i) enige ondersoek in paragraaf *(h)* bedoel, nie slaag nie.

Ontheffing van amp as lid van Staande Komitee

9F. (1) Die Minister kan 'n lid van die Staande Komitee uit die amp onthef op grond van wangedrag of onvermoë om die werksaamhede van sy of haar amp doeltreffend en doelmatig te verrig.

(2) The Minister may remove a member of the Standing Committee in terms of subsection (1) if such member has been given an opportunity to make representations or comments on the matter and the Minister has taken any such representations or comments into consideration.

(3) The Minister may summarily remove a member of the Standing Committee from office if such member becomes disqualified in terms of section 9E.

Remuneration of members of Standing Committee

9G. The members of the Standing Committee must receive such remuneration, allowances and other benefits as the Minister may determine with the concurrence of the Minister of Finance.

Administrative staff of Standing Committee

9H. The administrative work connected with the functions of the Standing Committee must be performed by officers of the Department, designated by the Director-General for that purpose.".

Insertion of section 20A in Act 130 of 1998

14. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 20:

"**Crime prevention and integrity measures**

20A. (1) The Director-General must, as soon as possible after the commencement of this Act, and from time to time thereafter, and without probable cause, direct all members and administrative staff of the Standing Committee, Refugee Appeals Authority and all members of staff at any Refugee Reception Office, including persons who are not members of staff but who perform any function at such an Office, to be subjected to measures to test the integrity of those persons for purposes of—

(a) combating or preventing fraud, corruption or any crime of which dishonesty is an element; and

(b) enhancing the integrity of, and confidence in, the asylum seeker and refugee system.

(2) Measures to test the integrity of persons as referred to in subsection (1) may include—

(a) the gathering of information, as prescribed, by a duly authorised official in relation to—

(i) criminal records;

(ii) financial records;

(iii) personal information; or

(iv) any other information which may be relevant, to determine the integrity of a person; and

(b) psychometric tests.

(3) *(a)* The information referred to in subsection (2) must, in the prescribed manner, be stored securely.

(b) No person may disclose any information which he or she obtained in the exercise of his or her powers or the performance of his or her duties in terms of this section, except—

(i) to any other person who of necessity requires it for the performance of his or her functions in terms of this section;

(ii) if he or she is a person who of necessity supplies it in the performance of his or her functions in terms of this section;

(iii) information which is required in terms of any law or as evidence in any court of law or in any disciplinary proceedings; or

(iv) to any competent authority which requires it for the institution, or an investigation with a view to the institution, of any criminal proceed-

(2) Die Minister kan 'n lid van die Staande Komitee ingevolge subartikel (1) onthef indien sodanige lid 'n geleentheid gegun is om vertoë te rig of kommentaar te lewer oor die aangeleentheid en die Minister sodanige vertoë en kommentaar in oorweging geneem het.

(3) Die Minister kan 'n lid van die Staande Komitee summier uit die amp onthef indien sodanige lid ingevolge artikel 9E onbevoeg word.

Vergoeding van lede van Staande Komitee

9G. Die lede van die Staande Komitee moet sodanige vergoeding, toelaes en ander voordele ontvang wat die Minister, met die instemming van die Minister van Finansies, bepaal.

Administratiewe personeel van Staande Komitee

9H. Die administratiewe werk wat met die werksaamhede van die Staande Komitee gepaard gaan, moet deur beamptes van die Departement gedoen word wat deur die Direkteur-generaal vir daardie doel aangewys is.''.

Invoeging van artikel 20A in Wet 130 van 1998

14. Die volgende artikel word hierby na artikel 20 in die Hoofwet ingevoeg:

''**Maatreëls vir misdaadvoorkoming en integriteit**

20A. (1) Die Direkteur-generaal moet, so gou as moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Wet en van tyd tot tyd daarna, en sonder waarskynlike oorsaak gelas dat alle lede en administratiewe personeel van die Staande Komitee, Appèlowerheid oor Vlugtelinge en alle personeellede by enige Vlugtelingontvangskantoor, met inbegrip van persone wat nie personeellede is nie, maar wat enige werksaamheid by so 'n Kantoor verrig, aan maatreëls onderwerp word om daardie persone se integriteit te toets ten einde—

(a) bedrog, korrupsie of enige misdaad waarvan oneerlikheid deel uitmaak, te bekamp of te voorkom; en

(b) die integriteit van, en vertroue in, die asielversoeker- en vlugtelingstelsel te verbeter.

(2) Maatreëls om die integriteit van persone te toets soos in subartikel (1) bedoel, kan insluit—

(a) die insameling van inligting, soos voorgeskryf, deur 'n beampte met gepaste magtiging in verband met—

(i) kriminele rekords;

(ii) finansiële rekords;

(iii) persoonlike inligting; of

(iv) enige ander inligting wat tersaaklik kan wees om iemand se integriteit te bepaal; en

(b) psigometriese toetse.

(3) *(a)* Die inligting in subartikel (2) bedoel moet op die voorgeskrewe wyse veilig geberg word.

(b) Niemand mag enige inligting bekend maak wat hy of sy in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of die verrigting van sy of haar pligte ingevolge hierdie artikel verkry het nie, behalwe—

(i) aan enigiemand anders wat dit uit noodsaak vir die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie artikel benodig;

(ii) as hy of sy dit uit noodsaak in die verrigting van sy of haar werksaamhede ingevolge hierdie artikel voorsien;

(iii) inligting wat ingevolge enige wet as getuienis in enige geregshof of in enige dissiplinêre verrigtinge benodig word; of

(iv) aan enige bevoegde owerheid wat dit benodig vir die instel van, of 'n ondersoek met die oog op die instel van, enige strafregtelike verrigtinge of enige siviele verrigtinge soos beoog in Hoofstuk 5 of 6

ings or any civil proceedings as contemplated in Chapter 5 or 6 of the Prevention of Organised Crime Act, 1998 (Act No. 121 of 1998).

(4) Any information gathered in terms of subsection (2) may be used for purposes of—

(a) instituting criminal, civil or disciplinary proceedings against any person referred to in subsection (1);

(b) evidence in criminal, civil or disciplinary proceedings, subject to the approval of the presiding officer in any such proceedings regarding the admissibility of such information; or

(c) a vetting investigation in accordance with section 2A of the National Strategic Intelligence Act, 1994 (Act No. 39 of 1994).

(5) A person contemplated in subsection (1) who is a member of the public service and who refuses to subject himself or herself to a vetting investigation as contemplated in subsection (4)*(c)* when instructed to do so, or who fails such investigation, is subject to such disciplinary measures as may be in operation for members of the public service at the time.''.

Amendment of section 21 of Act 130 of 1998, as amended by section 13 of Act 33 of 2008

15. Section 21 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1)*(a)* Upon reporting to the Refugee Reception Office within five days of entry into the Republic, an asylum seeker must be assisted by an officer designated to receive asylum seekers.

(b) An application for asylum must be made in person in accordance with the prescribed procedures**[, within five days of entry into the Republic,]** to a Refugee Status Determination Officer at any Refugee Reception Office or at any other place designated by the Director-General by notice in the *Gazette*.'';

(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsections:

''(1A) Prior to an application for asylum, every applicant must submit his or her biometrics or other data, as prescribed, to an immigration officer at a designated port of entry or a Refugee Reception Office.

(1B) An applicant who may not be in possession of an asylum transit visa as contemplated in section 23 of the Immigration Act, must be interviewed by an immigration officer to ascertain whether valid reasons exist as to why the applicant is not in possession of such visa.

(1C) The Director-General may, by notice in the *Gazette*, require any category of asylum seekers to report to any particular or designated Refugee Reception Office or other place specially designated as such when lodging an application for asylum, if the Director-General considers it necessary for the proper administration of this Act.

(1D) For purposes of subsection (1C), a category of asylum seekers refers to asylum seekers from a particular country of origin or geographic area or of a particular gender, religion, nationality, political opinion or social group.'';

(c) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

''(2A) When making an application for asylum, every applicant must declare all his or her spouses and dependants, whether in the Republic or elsewhere, in the application for asylum.'';

(d) by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* such person has applied for asylum in terms of subsection (1), until a decision has been made on the application and, where applicable, such **[person has had an opportunity to exhaust his or her rights of review or appeal in terms of Chapter 4]** application has been reviewed in terms of section 24A or where the applicant exercised his or her right to appeal in terms of section 24B; or''; and

van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998 (Wet No. 121 van 1998).

(4) Enige inligting wat ingevolge subartikel (2) ingesamel is, kan gebruik word ten einde—

(a) strafregtelike, siviele of dissiplinêre verrigtinge teen enigiemand bedoel in subartikel (1), in te stel;

(b) as getuienis te dien in strafregtelike, siviele of dissiplinêre verrigtinge, behoudens die goedkeuring van die voorsittende beampte in enige sodanige verrigtinge aangaande die toelaatbaarheid van sodanige inligting; of

(c) 'n keuringsondersoek te doen ooreenkomstig artikel 2A van die Wet op Nasionale Strategiese Intelligensie, 1994 (Wet No. 39 van 1994).

